



Vak: Graad 4 Natuurwetenskappe

Onderwerp: Natuurwetenskappe: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 62 Punte

1. natuurlike • mensgemaakte

4 punte

Verduideliking:

Alle strukture word deur die mens of in die natuur gemaak.

2. leeu

3 punte

Verduideliking:

Hulle is **groot roofdiere** met **sterk, gespierde liggame** wat virgeen bedreiging stuit nie. Hulle kan baie **goed sien**. Hulle is **soepel** en **rats** en kan besonder **vinnig hardloop**.

3. waar

2 punte

Verduideliking:

Alle diere en plante het kos en sonlig nodig om te groei. Plante gebruik die energie van die son om hulle eie voedsel, deur fotosintese, te produseer. Diere eet ander diere en plante om hulle energie te kry.

4. C: hare

4 punte

Verduideliking:

Alle soogdiere het hare.

Baie klein hare kan om die punt van diesnuit van die walvis gevind word.

5. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Leeus en wildekatte is soogdiere wat ook roofdiere is. Hulle moet jag om kos te kry. Honde en katte word kos gegee deur hul eienaars.

6. vleis • karnivore

4 punte

Verduideliking:

Karnivore vreet ander diere.

7. A: uitskeiding

4 punte

Verduideliking:

Uitskeiding is die proses wat diere en plante gebruik om van hul afvalprodukte ontslae te word.



8. A: Grot

4 punte

Verduideliking:

Grotte word gevorm wanneer water oor miljoene jare oor klip spoel. Dit eet stadig maar seker die klip weg.

9. C: brul- en of boompaddas

4 punte

Verduideliking:

'n Padda se vel is normaalweg **slymerig** (natterig), **kaal sonder skubbe**, **vere** of **hare**. In die padda se vel is daar **kliere** wat 'n **tipe slym afskei** wat help om sy **vel vogtig** te hou.

10. ekso | eksoskelet

3 punte

Verduideliking:

'n **Eksoskelet** word by veral **ongewerwelde diere** aangetref, byvoorbeeld die **chitienpantser** van **insekte**, soos 'n **tor** of die **dop** van 'n **kreef**.

11. vrugte • saad

4 punte

Verduideliking:

Baie plante groei vrugte om hul sade te omsluit en te beskerm. Hierdie sade is nodig om nuwe plante te laat groei.

12. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die saad ontwikkel in 'n saailing, wat 'n nuwe plant vorm.

13. water | vog | natheid

3 punte

Verduideliking:

Gis is 'n organisme wat suurstof, voedsel, **water** en hitte nodig om te groei. Die suiker verskaf die voedsel.

14. modder • yster

6 punte

Verduideliking:

Verskillende materiale het verskillende eienskappe.

15. A: baie lang wortels hê

4 punte

Verduideliking:

Die lang wortels stel die plant in staat om die water, wat diep in die grond aangetref word, te absorbeer.

16. slurp

4 punte

Verduideliking:

'n Olifant se **slurp** groei **uit sy bo-lip**.

Die funksies van die **slurp** sluit in:

- Om water te drink
- Asemhaling
- Om te ruik
- Om kos vas te hou
- Kommunikasie (deur te trompetter).
- Sosiale binding (deur stoeispeletjies).
- Verdediging

17. waar

2 punte

Verduideliking:

'n **Koei** wat **vreet** en stert **swaai**, is 'n bewys van **beweging** asook **sensoriese sintuie**. **Honde** wat **blaf** het 'n **voorwerp geruik** en **gehoor**.

18. blom | blomme

3 punte

Verduideliking:

Die blomme lok insekte en voëls. Hulle bestuif die blomme, wat tot bevrugting lei.

Totaal: 62 Punte

